

## **Gereformeerde Kerk Bellville – 18 Oktober 2015 – Oggend**

**Sing vooraf staande:** Psalm 1:1, 2 (p. 1)

- 1 Welsalig hy wat op die spoor nie gaan / waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,  
of neersit waar die spotglans in die oog is, / waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;  
maar wat Gods wet in stille mymering, / by dag en nag, weer in gedagt'nis bring.
- 2 Hy is 'n boom wat diep en vas geplant, / sy wortels uitsprei by die waterkant;  
en mild versorg deur vrugb're lentelugte, / sy volle drag laat sien van somervrugte.  
Geen onspoed wat hom in sy werk sal stuit: / wat hy begin, voer hy voorspoedig uit.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 48:1, 5 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.  
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,  
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.  
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,  
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 5 Laat Sions berg weerklink van vreug! / Laat Juda's dogters hul verheug,  
omdat Gods oordeel hul verbly het – / dié oordeel wat sy volk bevry het.  
Aanskou die stad met skanse, / paleise, toringtranse –  
hoedat hul pryk met nuwe prag. / En meld dit aan die jong geslag:  
Die God is onse God, en Hy / sal tot die dood toe ons gelei.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 86:3, 6 (p. 432)

- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;  
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.  
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!  
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek smee.
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;  
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.  
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,  
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Gebed

Skrifberyming 14-2

Al sou dan ook die vyeboom nie bot nie, / Al sou die wingerd sonder druiwe staan;  
Die graan verdor, die vrugteboorde wegkwyn, / Die beeste, kleinvee, alles hier vergaan –  
Nóg sal ek juig en bly wees in my God! / Hy is my hulp, Hy gee my krag.  
Hy laat my loop waar rats die ribbok gaan; / Hy laat my vas en veilig staan!

**Skriflesing:** Job 1:1-2:10

**Kernverse:** Job 1:21; Job 2:9-10

**Naak het ek uit my moeder se skoot gekom, en naak sal ek daarheen terugkeer. Die HERE het gegee, en die HERE het geneem: die Naam van die HERE sy geloofd! (Job 1:21 AFR53)**

**Toe sê sy vrou vir hom: Volhard jy nog in jou vroomheid? Seën God, en sterf! Maar hy antwoord haar: Soos 'n dwaas praat, praat jy! Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte aanneem nie? By dit alles het Job nie gesondig met sy lippe nie. (Job 2:9-10 AFR53)**

**Tema:** Gryp in die geloof aan God vas wanneer die onbegryplike gebeur

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, mense is weetgierige wesens, soms blatant nuuskierig. Ons wil verstaan hoe dinge werk en hoekom ander dinge nie werk nie. Ons wil nie net die dinge in ons alledaagse lewe verstaan en begryp nie, ons wil ook God se wil verstaan. Ons wil veral God se wil verstaan wanneer daar onbegryplike dinge met ons of met ander gelowiges gebeur. Dit is nie net ouer mense wat worstel om God se wil te verstaan nie. Ook jongmense wil graag weet wat God se doel is met hulle lewe. Hoekom verloop die dinge nie altyd soos ons dit beplan nie? Hoekom gebeur daar slegte dinge met goeie mense?

Aan die een kant worstel jy miskien ook met hierdie vrae. Aan die ander kant, weet en vertrou jy saam met ander gereformeerde gelowiges dat niks toevallig gebeur nie. Ons bely immers: **God het alles geskep, en Hy regeer so volmaak oor sy hele skepping dat reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, voedsel, drank, gesondheid en siekte, rykdom en armoede, en alle ander dinge nie toevallig met ons gebeur nie, ons kry dit uit God se Vaderhand.** Tog kan ons steeds sê: Al bely ons dit, maak dit nog nie God se wil vir ons verstaanbaar nie. Daarmee sê ons maar nog net dat God oor alles en in alles regeer en nie hoekom slegte dinge met goeie mense gebeur nie.

Nou moet ons ook onthou dat God se volmaakte en goeie wil twee kante het. In Deuteronomium 29:29 maak die Heilige Gees vir ons hierdie onderskeid duidelik wanneer Hy sê:

**Die verborge dinge is vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet.**  
(Deuteronomium 29:29 AFR53)

Wat die Here wil hê dat ons van sy wil moet verstaan, het Hy vir ons in sy Woord geopenbaar. Wat die verborge kant van sy wil betref, is die Here nie verplig om enigsins iets daarvan aan ons bekend te maak nie. Dit beteken egter nie dat die Here nooit sy wil met die onbegryplike gebeurtenisse aan ons bekend sal maak nie. Hy sal ook dit aan ons bekend maak indien Hy dit nodig ag.

Wanneer ons nou die boek Job lees, moet ons nie verwag om antwoorde op al ons waaroms en hoekoms te kry nie. Miskien is die Here ons genadig deur tog op sommige van ons waaroms en hoekoms te antwoord of dan net 'n beter perspektief te gee op hierdie vrae. Dit wil tog voorkom asof die Here in ons gelese gedeelte vir ons perspektief wil gee oor hoe ons die onbegryplike dinge behoort te hanteer. Natuurlik het ons deur die werk van die Heilige Gees die voorreg om tog God se wil te leer ken in hierdie onbegryplike dinge wat met Job gebeur. Aan die een kant is dit die Here se wil om duidelik te maak dat Job inderdaad opreg en vroom is. Aan die ander kant is dit die Here se wil dat Job Hom nog beter sal leer ken, soos wat Job ook aan die einde van die boek getuig.

Geliefdes, dat Job vroom en opreg is, die Here dien en die kwaad vermy, is nie goeie eienskappe waarmee Job gebore is nie. Ons weet tog dat geloof 'n gawe van die Heilige Gees is en dit is deur die kragtige werk wat die Heilige Gees in ons uitoefen dat ons kan

aanhou glo. Job is 'n getroue dienskneg van die Here omdat die Here sy geloof in hom in stand hou en hom gewillig en bereid maak om vir God te lewe.

Op 'n dag was die hemelwesens in die teenwoordigheid van die Here. Satan het ook tussen hulle gestaan nadat hy die wêreld deurkruis het. Satan is daarop uit om bewyse van ontrouheid by die gelowiges te vind. En as hy sulke bewyse kry, kry hy lekker daaroor, want dan kan hy hulle by God gaan aankla. Die Satan is daarop uit om die kinders van God tot 'n val te bring. Dit is die Here self, en nie Satan nie, wat die drama van die boek begin deur die aandag op Job te vestig. Die Here vra vir Satan of hy die Here se dienskneg Job raakgesien het? En dan lewer die Here self getuienis oor Job:

**Want daar is niemand op die aarde soos hy nie: 'n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad. (Job 1:8 AFR53)**

Satan het egter 'n ander siening oor Job se geloof. Hy is van oordeel dat Job die Here dien net omdat die Here so goed vir hom sorg. Job leef dan in 'n beskermde wêreldjie waar die Here se hande rondom Job en sy goed is. In die regte lewe van pyn, hartseer en stryd, is mense nie so goed soos Job nie. Daarom kan Job nie regtig as 'n voorbeeld van vroomheid en opregte diens aan die Here voorgehou word nie, redeneer die Satan. In eenvoudige taal gesê: Job dien die Here net omdat hy iets daaruit kan kry, beweer die Satan.

Hierdie bewering wat die Satan in verband met Job se geloof maak, is 'n bewering wat ons ook goed onder oë moet neem. Glo ons in die Here en dien ons Hom sodat Hy vir ons iets terug moet doen? Woon ons eredienste by sodat die Here ons week voorspoedig moet maak? Of glo ons in die Here omdat Hy God is en dien ons Hom met alles wat ons is en het ter wille van Homself? Op hierdie vrae moet ons vir onself antwoord, want ons gaan hoor hoe die Here sê iemand in 'n krisis optree wat die Here dien omdat Hy God is en nie omdat hy iets uit God kan uitkry nie.

Satan is van oordeel dat sodra Job sy besittings verloor, hy nie meer so getrou aan die Here sal wees nie. Trouens, wanneer Job sy besittings kwyt is, sal hy selfs die Here vervloek. God se antwoord op hierdie bewerings van die Satan is om aan die Satan die vryheid te gee om Job se besittings te tref, maar dit is al wat hy mag doen. Satan kan nie eers roer of beweeg as dit nie die Here se wil is nie.

Sommer dadelik hoor ons hoe die een ramp na die ander Job se besittings tref. Job wat een van die rykste mense in die ooste was, word oordag die armste man. Hoe tree 'n vroom en opregte mens, 'n mens wat die Here dien en die kwaad vermy, in so 'n krisis op? Job sak nie in moedeloosheid weg nie. Job gooi ook nie sy arms in die lug en bekla sy verliese nie. Hy behou ook nie 'n gemaakte kalmte en maak asof hierdie dinge hom nie raak nie. Eg menslike hartseer en droefheid kom oor hom. Hy skeur sy klere en skeer sy hare af as teken van sy rou en, as 'n mens wat weet hy is geheel en al afhanklik van die Here, gaan lê hy op die grond.

Job se geloof is nie maar 'n voorgegeloof nie. Hy het nie in die Here geglo sodat die Here hom moet versorg nie. Voor die Here en teenoor die mense rondom hom erken Job:

**Naak het ek uit my moeder se skoot gekom, en naak sal ek daarheen terugkeer. (Job 1:21a AFR53)**

Ons kom met niks in hierdie wêreld in, broers, susters en kinders. Met leë hande maar ook sonder klere kom ons in die wêreld, heeltemal hulpeloos. En die sonde waarin ons gebore en ontvang word ontbloot ons ook tot ons skaamte voor die oë van God. En wanneer ons

uit hierdie wêreld uitgaan, is ons weer ontbloot, ons liggame ten minste, maar ons siel wat deur die Heilige Gees heilig gemaak is, gaan uit hierdie wêreld uit bekleed met die geregtigheid van Christus.

As Job sy verliese in oënskyn neem, sê hy dat hy na die rampe nog nie is waar hy was toe hy gebore is nie. Ja, hy het baie verloor, maar hy het steeds meer as wat hy gehad het toe hy in die wêreld gekom het en meer as wat hy uit hierdie wêreld sal kan wegneem. Hy is kaal gestroop – nie verwond of vermink nie. Wie verarm is, is nie leed aangedoen nie, maar is net soos wat hy was toe hy gebore is. Vir Job het hierdie onbloting gekom vroeër as wat hy verwag het. Maar dit veroorsaak nie dat hy die Here vervloek nie. Intendeel, hy prys die Here:

**Die HERE het gegee, en die HERE het geneem: die Naam van die HERE sy geloofd!**  
(Job 1:21b AFR53)

Job se eerste reaksie in hierdie krisis wat hom getref het, is op die Here gerig. In sy krisis bely hy dat hy uit God se hand die goeie ontvang het wat hy tot onlangs toe nog geniet het. Hy bely ook dat die beproewing wat hom nou toegedeel is uit die hand van die Here kom: **Die HERE het gegee en die HERE het geneem.**

Al die gemak, vrede en rustigheid wat ons beleef – ons gesondheid, krag en welstand – kom uit die hand van ons Here. Ons gee nie vir onself die rykdom en gemak wat ons tans mag beleef nie. Nog minder is dit ons vernuf of onderneming wat veroorsaak dat ons nou gemaklik, miskien met 'n stewige bankrekening of genoeg kos en klere, kan lewe nie. Gemak, vrede, rustigheid en rykdom is die Here se seën wat Hy oor ons ondernemings en harde werk gebied het. Dit is inderdaad die Here wat gee.

En die teëspoed wat jy of ek miskien nou beleef? Dieselfde hand wat gegee het, het ook weggeneem, want mag die Here nie met sy goed doen wat Hy wil nie? Let op hoe Job verby al die instrumente van die Here na die Here self opkyk. Hy sê nie: Die Here het gegee en die mense uit Skeba en die Galdeërs het weggeneem, nie. In ander woorde gesê: Dit is nie die Here wat gee – gesondheid en rykdom, en die Satan wat wegneem en siekte en armoede gee nie. Die Here het gegee en die Here het geneem, daarom is Job stil en sê niks verder nie. Die Here wat alles aan ons gegee het wat ons het, mag wegneem wat en wanneer en soveel as wat Hy wil, want dit behoort immers aan Hom. Hy wat weggeneem het, is immers dieselfde Een wat gegee het.

'n Sekere Griekse wysgeer uit die eerste eeu het hierdie waarheid kwytgeraak: Wanneer jy van iets beroof of ontnem is, byvoorbeeld 'n kind van jou wat deur die dood weggeneem is of 'n deel van jou besittings wat geroof is, moenie sê dat jy dit verloor het nie, sê eerder dat jy dit aan die regmatige eienaar daarvan teruggegee het. Maar jy sal stry en sê dit is 'n slegte man wat my beroof het. Dit is waar, maar mag ons die Here ooit tot verantwoording roep oor die instrument wat Hy gebruik om op te eis wat Hy aan ons gegee het? Dit mag ons tog nie doen nie.

In al hierdie beproewings het Job die Here geprys en aanbid. Beproewings moet ons nie van ons diens aan die Here af wegneem nie, maar moet ons eerder aanspoor om Hom te aanbid. Selfs toe Job later van sy gesondheid ontnem is en soos 'n uitgeworpene op die ashoop gaan sit het, het hy steeds die Here voor oë gehou en Hom geprys. Wanneer die goeie van ons af weggeneem word, laat ons steeds die Here loof en dank vir dit wat Hy vir ons gegee het om te geniet selfs vir langer as wat ons verdien het.

Nou kan iemand vra: Is ek nou maar net 'n pion in die hand van die Here wat Hy kan rondskuif soos wat Hy wil en moet ek dit maar gelate aanvaar? Broers, susters en kinders, kom ons kyk weer mooi wat die Here met Job gedoen het. Die Here het al Job se besittings en sy kinders van hom af weggeneem, later ook sy gesondheid. Maar nooit een keer het die Here self vir Job alleen gelaat nie, alhoewel Job se vrou dit wou beweer. Ja, dit moet ons ook raaksien. Toe Job se vrou hom aangehits het om God te vervloek, het hy nie losgetrek en met haar baklei en sy eie siekte as verskoning vir sy optrede voorgehou nie. Hy sien agter sy vrou die Satan raak wat hom probeer verlei om teen God te sondig. Daarom bestraf hy haar net ferm en liefdevol deur te herhaal wat hy reeds gesê het:

**Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte aanneem nie?**  
(Job 2:10b AFR53)

Ons omstandighede, hoe goed of hoe sleg dit ook al mag wees, het nie God se verhouding met ons verander nie. As daar 'n verandering in ons verhouding met die Here kom weens ons omstandighede, is die verandering by onself te soek.

Daarom, geliefdes, roep ons hier aan die einde twee stukke waarheid in herinnering wat die Here aan ons openbaar en wat ons bely. **Ons enigste troos in lewe en in sterwe**, in gesondheid en siekte, in rykdom en armoede **is dat ons met liggaam en siel aan ons troue Saligmaker Jesus Christus behoort**. Met sy kosbare bloed het Hy ons losgekoop van alle heerskappy van die sonde en die Satan sodat sy Vader ook ons Vader kan wees. En die liefde van God in Christus is vir ons so vas en seker dat niks ons ooit uit sy hand kan ruk of ons van sy liefde kan skei nie.

Die een saak wat die Here dan vanoggend vir ons duidelik maak, is dit: Gryp deur die geloof aan die Here vas wanneer die onbegryplike met jou gebeur. Weet verseker dat sy liefde vir jou in Christus nie wankel omdat jou wêreldjie 'n bietjie geskud word nie. Hy bly altyd die troue Verbondsgod wat Homself in Jesus Christus vir jou oorgegee het sodat jy ewig aan Hom gebind mag bly. En as Hy dit nodig ag dat ek en jy moet weet waarom die onbegryplike gebeur het, sal Hy dit ook aan ons bekend maak.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 34:1, 8 (p. 166)

- 1 In weelde en ongeluk, / altyd sal ek die HERE prys;  
altyd vir Hom my lof laat rys, / in voorspoed en in druk.  
Hom sal 'k die ere skenk, / tot roemtaal kragtig aangespoor.  
Sagmoediges, hul sal dit hoor / en aantree op my wenk.
- 8 Die HEER's die hart naby / wat gans verbroke is en verskeur.  
Die gees wat diep verslae treur, / verlos, bemoedig Hy.  
Hoe kom hul altyd weer, / die teespoede van wie hier  
regverdig leef; maar Gods bestier / red hulle keer op keer.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

## Katkisasieopening

Psalm 100:1-4 (p. 494)

- 1 Juig, al wat leef, juig voor die HEER!  
Dien God met blydschap, gee Hom eer;  
kom nader voor sy aangesig,  
en prys Hom met 'n lofgedig!
- 2 Die HEER is God, erken dat Hy  
'n eie volk vir Hom berei,  
'n volk om Hom te dien en vrees  
en skape van sy wei te wees.
- 3 Gaan deur sy poorte in met lof,  
met lofsang in sy tempelhof;  
kom in sy huis, o bondsvolk, saam;  
verhef sy lof en prys sy Naam.
- 4 Want goedertieren is die HEER;  
sy goedheid eindig nimmermeer;  
sy trou en waarheid hou hul krag  
tot in die laaste nageslag.

**Ds Coen Vrey**  
**Gereformeerde Kerk Bellville**  
**18 Oktober 2015**